**24 Maart**

**Skrifgedeelte: Numeri 24:15-19**
**Fokusgedeelte: Numeri 24:19**

**Die Here se seën kan ons nie ontneem word nie**

Wat hier onthou moet word, is dat Bileam nie 'n Israeliet was nie. Sommige sien hom selfs as 'n heiden en hy het homself as besweerder laat uithuur. Daarom laat Balak hom kom om Israel te vervloek, omdat Balak 'n vrees vir Israel ontwikkel het. Tog moes Bileam buig voor 'n mag veel groter as hy. Die mag van God.

So gebruik God hierdie man om iets van die toekoms te sien en daaroor te profeteer. En dit word duidelik dat Bileam hier reeds van die Messias getuig. Van sy groot oorwinning oor die vyande van God en sy volk. Moab word hier spesifiek genoem as iemand wat deur die Messias oorwin sal word, omdat Balak van Moab afkomstig is en hy die volk wou vervloek. Jesus as Messias sou sy volk van elke vorm van vloek bevry en so God se seën op sy volk laat neerreën.

Die toekoms lê oop en bloot vir die Godsvolk, selfs jare voor dit werklikheid sou word. Die Here se seën staan vas. En al loop die volk van die Ou Testament snaakse draaie, die seën het werklikheid geword. Ons as volk van die Nuwe Testament loop ook in 'n donker wêreld en worstel met allerlei dinge, maar een saak staan vas: *DIE HERE SE SEËN KAN ONS NIE ONTNEEM WORD NIE!* Daardie seën wat met die wederkoms in sy volle glorie sal deurbreek.

Die toekoms lê vir ons oop. Jesus regeer vanaf sy hemelse troon en hou God se seën oor ons in stand.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1-6* *Ds. P Fanoy (Windhoek)*